

Gereformeerde Kerk Bellville – 16 April 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.
Buite bly die bose staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 66:1, 6 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 6 Ek sal, verlos uit doodsgevaar, / nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste^{en} bokke toeberei.

Gebed

Skrifberyming 7-1:1, 3 (Sb 31)

- 1 Toe sien ek teen die bloue vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig,
want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.
Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte^ooorwinning.
Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.
- 3 Hy sal nou met 'n ysterstaf / sy vonnis oor hul, streng en straf, / met oordeelsdaad bekragtig.
Hy trap die parskuip met sy voet, / en bring oor hul in volle gloed / die toorn van God almagtig.
En op sy kleed met bloed geverf, / en op sy heup wat heil verwerf, / staan daar 'n Naam der ere:
dié oorlog het die pleit beslis / dat Hy die “Hoogste Koning” is, / die “Heer van alle here”!

Skriflesing: Efesiërs 6:10-20; Heidelbergse Kategismus, Sondag 12:32

Kernvers: Efesiërs 6:12-13

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.
(Efesiërs 6:12-13 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1; 1 Pet 2:5, 9; Open 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Efes 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

Tema: Christen jy is gesalf tot 'n koning van Jesus Christus

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, tot dusver het die gelowige aan die vraagsteller duidelik gemaak waarom hy 'n Christen genoem word. Hy het ook verduidelik dat die Christen in die amp van die gelowige is. En hierdie amp hou verband met die drievoudige amp van Christus. As Christen is hy 'n profeet van Christus om sy Naam te bely en as priester wy hy sy hele lewe toe aan Christus as 'n lewende dankoffer.

Nou wil die vraagsteller nog weet wat dit beteken as die Christen sê dat hy tot 'n koning van Jesus Christus gesalf is. Dat Jesus Christus die ewige Koning is, begryp hy nou goed. Jesus is immers die Seun van God. Hy moet onderdane hê oor wie Hy heers en vir wie Hy beskerm en bewaar. Beteken die koningskap van die Christen dat hy ook oor onderdane heers? En oor wie heers hy dan?

Op hierdie vrae sê die gelowige dadelik dat sy koningskap van die Koningskap van Christus verskil. As ewige Koning van die Christene regeer Christus die gelowiges met sy Gees

en Woord en beskerm en bewaar Hy hulle by die verlossing wat Hy vir hulle verwerf het. Tans behels die Christen se koningskap dat hy **in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry**. 'n Christen het nie onderdane nie. Dus voer hy nie heerskappy oor ander mense nie. Intendeel, sy koningskap tussen ander mense word eerder gekwalifiseer deur sy priesterlike werk wat hy in diens van die Here Jesus uitvoer. 'n Christen is tussen ander mense eerder 'n dienende leier en nie regerende leier nie. Dit is eers na die wederkoms van Jesus dat die Christen sal regeer, want dan eers is hy volmaak om die regeerwerk saam met Christus te kan doen.

Aangesien die gelowige in hierdie gesprek die oogmerk het om sy vraagsteller by die punt te bring waar hy homself ook aan Christus kan onderwerp, wil hy eerder konsentreer op die koningskap van die Christen in hierdie lewe. Alhoewel die lewe na die dood 'n belangrike deel uitmaak van die gelowige se geloof sal hy dit vir eers los totdat hulle by Sondag 22 kom. Die vraagsteller moet nog eers leer wat dit beteken om gehoorsaam aan Christus in hierdie lewe te wees.

Broers, susters en kinders, 'n Christen se stryd in hierdie lewe is teen die sonde en die duiwel. Dit is 'n stryd wat die Christen met 'n vrye gewete voer. Met 'n vrye gewete word bedoel dat die Christen glad nie skuldig hoef te voel oor hierdie stryd wat hy voer nie. As iemand wat deur Jesus Christus verlos is, is die Christen niks aan die sonde of die duiwel verskuldig nie. Die seggenskap wat die sonde en die duiwel oor die Christen gehad het, is verbreek die dag toe die Heilige Gees die wedergeboorte aan die Christen geskenk het. Die sonde en die duiwel is daarom nie meer die baas van die Christen nie. Daarom kan die Christen met vrede in sy hart die stryd voer.

Wanneer 'n mens die woord *stryd* hoor, dink 'n mens onvermydelik aan oorlog. Dit is inderdaad wat hierdie stryd vir elke Christen ook is – dit is 'n geestelike oorlog. En eie aan 'n oorlog is dit van die uiterste belang dat 'n mens nie die vyand se krag moet onderskat nie. Die verlossing deur Jesus Christus en die salwing met die Heilige Gees maak nie van Christene supermense voor wie die duiwel en die sonde gaan wegvlug nie.

Die Efesiërs aan wie Paulus hierdie brief geskryf het was terdeë bewus van die krag van die duiwel en sy bese geeste. Baie van die Christene in Efese was voor hulle bekering betrokke by dinge soos toordery en die okkulte. Toe hulle tot bekering gekom het, het hulle die boeke waarin hierdie goddelose goed geskryf staan gebring en voor almal verbrand. Die waarde van die boeke is bereken op vyftig duisend silwermunstukke (Hand 19:19). Hulle weet ook van die sewe seuns van Skeva wat gedink het dit is speletjies om bese geeste uit mense uit te dryf. Hulle het dit ook probeer doen in die Naam van Jesus terwyl hulle nie eers vir Jesus geken het nie. In plaas daarvan dat hulle die bese gees uitgedryf het, het die bese gees gemaak dat die man in wie hy was die seuns aangeval het. Hulle moes kaal en stukkend uit die huis gevlug het.

Die moderne mense het met hulle wetenskap en alles wat hulle kan bewys met eksperimente hulleself wysgemaak dat die duiwel nie regtig bestaan nie. 'n Mens kan die duiwel nie 'n groter guns bewys as dit nie. As 'n mens nie weet daar is 'n vyand nie, gaan jy nie paraat wees nie. Die Here Jesus maak dit egter duidelik dat die duiwel werklik bestaan. Hy het hom uit die hemel sien val. Die duiwel was 'n goeie engel wat God geskep het saam met al die ander engele. Maar hy het in opstand gekom teen God en 'n derde van die ander engele met hom saamgesleep. Hulle is die bese geeste.

Die Christen se stryd in hierdie lewe is dus nie teen vlees en bloed nie. Dit is nie teen mense wat daar oorlog gevoer word nie, maar teen die bese geeste in die lug. En alhoewel 'n mens hulle nie kan sien nie, moet 'n mens nooit dink dat hulle nie bestaan nie.

Wanneer Paulus die bese geeste *owerhede*, *magte* en *wêreldheersers* noem, beklemtoon die Heilige Gees dat die duiwel krag en mag het. Dit is in Daniël 10 waar ons onder andere hoor hoe kragtig die duiwel en sy bese engele is. Daniël het tot die Here gebid en homself voor die Here verootmoedig. Vir drie weke lank het hy getreur en geen lekker kos geëet nie.

En toe gebeur dit. Op die vier en twintigste dag van die eerste maand het Daniël hierdie visioen gesien. Hy het 'n man met linneklere aan gesien en met 'n gordel van fyn goud om sy lyf. Hoor net wat hierdie man vir Daniël gesê het:

Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom; maar die vors van die koninkryk van die Perse het een en twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Mígaël, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië. Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val, want die gesig sien nog op die verre toekoms. (Daniël 10:12-14 AFR53)

Hierdie woorde gee aan ons 'n kort blik op die stryd wat in die onsigbare engelewêreld woed. Dit blyk dat bese geeste beheer het oor hele koninkryke, soos die heidense koninkryk van die Perse. En hierdie bese geeste is so sterk dat selfs hierdie heilige engel van die Here nie kon wegkom nie totdat Migaël hom kom help het.

As hierdie heilige engel van God nie alleen teen die bose gees die stryd kon voer nie, wat is 'n mens dan? 'n Christen het op sy eie hoegenaamd geen kans teen 'n bose gees nie. Bese geeste en die duivel is eenvoudig te sterk vir 'n mens om alleen teen hulle te staan. Maar dit is nie net die duivel wat so sterk is nie. Elke Christen weet self hoe sterk die mag van die sonde is. As 'n mens eers 'n sondige begeerte in sy hart gekry het en hy wend nie 'n poging aan om daardie begeerte by hom dood te maak nie, gaan die begeerte net al sterker groei. En voordat 'n mens nog kan keer, het jy die sonde gedoen. 'n Mens moet werklik sterk staan teen die sonde en die duivel, maar alleen sal die Christen dit nie kan regkry nie.

Die duivel en sy trawante is verskriklik boos. Die betekenis van die naam *Satan* is *teenstander*. Duiwel beteken *aanklaer* en *lasteraar*. Jesus noem die duivel die vader van die leuen. Daarom kan ons maar seker wees dat die duivel en die sonde nooit iets opbouends sal doen nie. Hy wil afbreek en verwoes. Sy bedoeling is om die goeie skepping van God in algehele chaos te verander. Alles wat mooi en goed is, moet lelik en sleg word soos wat hy is.

Die bese geeste is die wêreldheersers van die duisternis. Hulle kan nie waag om in die lig te kom nie, want dan kan hulle miskien uitgeken word vir wat hulle werklik is – teenstanders van God en sy kerk. Liefde en vrede is beslis nie 'n eienskap van die bese geeste nie. Haat en woede is die maatstaf waarvolgens hulle te werk gaan. Aangesien die duivel en sy bese geeste in die duisternis floreer, is dit geen wonder dat ons van soveel bese geeste in die evangelie lees nie. Christus is immers die Lig, en toe Hy in die wêreld inkom het die bese geeste gespartel en geskarrel.

Christene moet weet dat hulle in hierdie geestelike oorlog met 'n vyand van 'n heeltmaal ander kaliber te doen het. By hierdie vyande is daar nie iets soos morele waardes nie. Hulle het nie 'n greintjie van jammerte vir 'n kind van God nie. Solank as wat 'n Christen onder die bloed van Christus skuiling het en soek, sal hulle verbete veg om daardie Christen tot oorgawe te bring. Onder mense en tussen lande is daar nog ooreenkomste oor watter soort wapen nie toelaatbaar is in 'n oorlog nie. Die duivel het glad nie so 'n ooreenkoms met God aangegaan nie. Hy is gewetenloos besig om elke denkbare wapen van boosheid te gebruik.

Nog iets wat Christene moet weet van die duivel is dat hy baie uitgeslape is. Die Heilige Gees waarsku ons dat die duivel selfs in staat is om homself as die engel van die lig voor te doen. Dit is waaroor Jesus sy volgelinge ook gewaarsku het toe Hy van die valse profete gepraat het. Hy het hulle wolwe genoem wat in skaapsklere kom om die kudde van die Here onverhoeds te betrap en te verskeur.

Misleiding, verleiding en uitlokking – dit is die taktiek wat eie is aan die duivel. Hy weet hoe om truiks te gebruik om Christene in sy web gevang te kry. En die duivel weet waar elke Christen 'n swak plek het. Hy weet nie omdat hy alwetend is nie, want hy is nie alwetend nie. Die duivel is soos 'n vaardige hengelaar. Hy probeer eers hierdie aas en as dit
nie
werk
nie, gebruik 'n ander aas totdat hy die regte een gekry het. Hy sal met een versoeking na die ander na die Christen kom. Die Christen sal baie van daardie versoekings betyds kan uitken en nie in die strik trap nie. Maar die duivel hou nie so gou op met sy versoekings nie. Hy gaan aanhou totdat hy die een kry waarmee hy die Christen se aandag kan trek. En dan lok hy daardie gelowige stadig maar seker totdat hy weet wat jou swak plek is. Volgende keer sal hy maar net die aas hoef te wys dan weet hy die Christen gaan daarvoor val.

Die duiwel en sy bese engele bestaan regtig; hulle is kragtig, boos en uitgeslae. En alhoewel Christus die slang se kop vermorsel het en aan die kruis oorwin het, beteken dit nie dat die duiwel steeds tydelike suksesse behaal in hierdie oorlog nie. Baie predikante het al in verskriklike sondes geval en sodoende onbekwaam geword vir die bediening. Kerke het al geskeur omdat die duiwel onmin gesaai kon kry tussen Christene. Selfs Christen se huwe-like eindig hartseer genoeg in 'n skeihof. Selfs jong Christene wat onlangs hulle geloof openlik bely het, word verlei tot gruwelike sondes.

Dit is oor hierdie aanhoudende aanvalle vanuit die ryk van die duisternis dat Christene in 'n voortdurende stryd verkeer in hierdie lewe. Niemand wat homself 'n Christen noem, is van hierdie stryd gevrywaar nie. Elkeen oor wie die Here Jesus sy Naam uitgeroep het en elkeen wat deur die Heilige Gees tot bekering en geloof in Christus gebring is, moet weet die stryd is werklik.

Daarom roep die Heilige Gees elke Christen op om die volle wapenrusting van God aan te trek. Dit is God se wapenrusting en Hy gee die wapenrusting aan elke ware Christen. God gee dit nie net en nou kan die Christen maar besluit wat hy daarmee gaan maak nie. Die Heilige Gees maak deur die geloof hierdie wapenrusting wat Christus vir hom verwerf het die Christen se eiendom. Maar die Christen moet aktief besit neem hiervan en dit beheer.

In die eredienste en Bybelstudies in groepe en op jou eie is dit waar die Here sy kinders leer om hierdie wapenrusting te gebruik. Elke Christen moet elke dag oefen om hierdie wapenrusting te dra en te gebruik. Wanneer die Here ons dan seënd uit hierdie erediens uitstuur, stuur Hy ons na die slagveld toe. Ja, Hy stuur ons soos lammers tussen wolwe in. Op ons eie sal niemand opgewasse wees teen hierdie aanslae en gevegte nie. Daarom leer Jesus God sy kinders bid: Ons Vader wat in die hemel is, ons is te swak vir hierdie stryd. Wil U ons tog deur die krag van die Heilige Gees staande hou en versterk sodat ons teen hierdie vyande sterk teenstand kan bied en in die geestelike stryd nie beswyk nie totdat ons eindelijk die oorwinning ten volle behaal.

En gebeur dit dat 'n ware Christen in hierdie stryd val en oorrampel word deur dan van die Here af weg te dwaal en die sonde te doen, is dit nog nie die einde nie. By die doop het die Here elkeen van sy kinders verseker dat hulle nie in die sonde sal bly lê wanneer hulle geval het nie. Hulle moet ook nie twyfel aan sy genade nie. Die doop is immers die waarborg en ontwyfelbare getuienis dat God 'n ewige verbond met die Christen het. Deur die krag kan die Christen weer na die kruis van Christus kruip en in die Naam van Jesus om vergifnis en genade smeek. God noem Homself die barmhartige en genadige God. Hy wil die wonde genees sodat sy kind weer as koning van Christus die stryd met 'n vrye gewete kan voer.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-3:1, 2 (Sb 32)

- 1 Toe het die hoë lug gebeef / en eng'lestem het neergesweef:
Nou is die koninkryke weer / die eiendom van onse Heer
en van sy Ryksgesalfde wat / die wêreld in sy vuus omvat.
Hy sal – beslis is nou die stryd – / as Koning heers in ewigheid."
- 2 Toe het die vier- en twintigtal, / die ouderlinge neergeval –
hul wat voor God op trone sit – / en het die hoë God aanbid:
"Ons dank U, onse God en Heer, / U wat oor alles triumfeer,
wat is en was en kom, – u mag, / o Koning, tree nou aan die dag."

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 April 2017